# Kennis of wysheid vir verpleegkunde?

**Annatjie Botes**
Professor: Departement Verpleegkunde
**Randse Afrikaanse Universiteit**

"Sekere aspekte van die mens se kultuuraktiwiteite, naamlik die lewensetos, is nie vatbaar vir berekening en manipulasie nie... "


## OPSOMMING

Verpleegkunde vorm die kennisinhoud van diegene van verpleeg.Verpleging het die bevordering, herstel of instandhouding van gesondheid ten doel.Om aan die gesondheidsbehoeftes van die Suid-Afrikaanse samelewing te voorsien is dit nodig dat verpleegkunde die regte tipe kennis genereer. Die vraag waarop die artikel fokus is of kennis of wysheid vir verpleegkunde nodig is? Die perspektiewe oor kennis van Maxwell (1988) en Rossouw (1993) word bestudeer. Daar word tot 'n gevolgtrekking gekom dat kennis en wysheid vir verpleegkunde nodig is. Argumente vir die gevolgtrekking word beskryf.

## ABSTRACT

### KNOWLEDGE OR WISDOM FOR NURSING SCIENCE?

Nursing Science is the knowledge content for nursing. The goal of nursing is to promote, maintain and restore people's health. To provide for the health needs of the South African society Nursing Science must generate the right kind of knowledge. The question of the article is whether Nursing Science needs knowledge or wisdom? The perpectives on knowledge of Maxwell (1988) and Rossouw (1993) are studied. The conclusion is that Nursing Science needs knowledge and wisdom. Arguments are given to support this conclusion.


***Flosofiese diskoers***

## NLEIDING

Verpleegkunde is 'n gesondheidswetenskap, wat die kennisinhoud vorm van diegene wat verpleeg. Verpleging is 'n diens wat gerig is om die individu, gesin en samelewing se gesondheid te bevorder, te handhaaf en te herstel. In die Gesondheidsplan van Suid-Afrika (ANC: 1994b) word die uitgebreide rol wat die verpleegkundige in die lewering van gesondheidsdienste speel, opnuut beklemtoon.

Om doeltreffend aan die gesondheidbehoeftes van die Suid-Afrikaanse samelewing te voorsien, is dit nodig dat verpleegkunde die regte tipe kennis genereer. In verpleegkunde is daar sprake van intuïtiewe-, outoritatiewe-, ervarings-, rolmodel-, geloofs- en rasionale kennis (Burns en Grove, 1991993:12).

Behalwe vir rasionale kennis is die ander tipe kennis voor-wetenskaplik van aard. Die onderskeidende kenmerk van wetenskaplike of rasionale kennis is dat dit verantwoord kan word.

Die idee is dat die voor-wetenskaplike uitsprake aan die prosesse van navorsing onderwerp moet word sodat dit indien dit verantwoord kan word deel van die korpus van wetenskaplike kennis kan word. Binne die artikel word daar op wetenskaplike of rasionale kennis gefokus.

Die vraag wat in hier ter sprake is, is watter tipe (wetenskaplike) kennis vir verpleegkunde nodig is?

Om die vraag te kan beantwoord sal die perspektiewe van Maxwell (1988) en Rossouw (1993) bestudeer word. Beide hierdie outeurs het oor kennis en wysheid geskryf. Vanuit hulle uitsprake sal dan gedebatteer word of wysheid (kennis is deug) en/of kennis (kennis is mag) vir verpleegkunde nodig is?

Verpleging is 'n verskynsel wat deel vorm van ander verskynsels in die samelewing.

Om die rede is dit nodig om op die samelewing te fokus. Die aard van kultuuraktiwiteite in die samelewing sal waarskynlik lig werp op die aard van verpleging.

Dit behoort te help met die keuse oor die tipe kennis wat vir verpleegkunde nodig is.

## ULTUURAKTIWTEITE IN DIE SAMELEWING

In sy poging om die konseptuele betekenis van kultuur uit te klaar beweeg Rossouw (1993:90) weg van die eng alledaagse gebruik van die konsep waar kultuur as 'n elitiese bedrywigheid wat vir die voordeel vir slegs 'n eksklusiewe groep begaafde of ingewyde deelnemers beskore is.

Hy aanvaar 'n meer verruimde betekenis soos wat dit in die wysgerige antropologie gebruik word waar kultuur as 'n universele menslike verskynsel (Rossouw,1993:91) gesien word.

Binne die verruimde sin is kultuuraktiwiteite vir Rossouw die onderskeidende kenmerk tussen mens en dier. Kultuur verwys na die verskeidenheid maniere waarop die mens die natuur deur sy denke, handelinge en gevoel omvorm.

In die sin is kutuuraktiwiteite 'n transformeringsproses. Kultuur is in sy vele dimensies en domeine die wyse waarop die mens in hom en rondom hom vermenslik (Rossouw, 1993:91) aangesien hy sy relasie met die natuur kunsmatig moet bemiddel (Rossouw, 1993:92).

Die aard van die menslike kultuur is verantwoordelik vir die openheid, veelsydigheid en aanpasbaarheid van die mens.

As vermensliking van die natuur het die kultuuraktiwiteite twee kante. Enersyds is kultuur 'n kwessie van bewerking (Rossouw,1993:92) en andersyds is kultuur 'n kwessie van interpretasie (Rossouw,1993: 93).

Deur die kultuuraktiwiteit van bewerking gryp die mens in op sy omgewing om daarvan 'n leefwêreld te maak. Hierdie leefwêreld bestaan uit 'n verskeidenheid strukture om aan die mens beskutting en bestendigheid te verleen.

Vir Rossouw bestaan die leefwêreld uit fisiese strukture soos huise, stede en verkeersweë sowel as maatskaplike strukture soos ekonomiese, opvoedkundige en politieke sisteme en instellings .

Vir Rossouw is die verskillende instrumente waarmee die mens die aardse bronne ontgin, produkte vervaardig of die interaksie medemens organiseer en bedryf ook deel van die leefwêreld (Rossouw,1993:93). Deur arbeid omvorm en bewerk die mens die natuur om hom om vir hom 'n leefwêreld te skep. Arbeid en tegniek gaan hand aan hand as basiese bestaansvoorwaarde van die mens (Rossouw, 1993: 112).

Deur die kultuuraktiwiteit van interpretasie gaan dit oor die ontwikkeling en die instandhouding van die menslike lewensetos. Tot die lewensetos behoort alle singewende idees wat die mens vir sy strategiese lewensplan bedink en die simbole, konvensies en praktyke wat hierdie interpretasie vergestalt.

Dit bevat dus morele gedragkode, religieuse oortuigings en artistieke ideale. Deur kommunikasie skep die ontwikkel die mens die lewensetos. Kommunikasie beteken vir Rossouw (1993: 114) in hierdie konteks die voorgaande en veelsydige gesprek van mense oor lewensoriënterende beginsels en rigtinggewende idees oor dinge wat saak maak.

Opsommend sê Rossouw (1993:93):

Die lewensetos van die mens bestaan met ander woorde uit die geheel van waardes en strewes waarin hy die sin van sy bestaan vertolk, en wat neerslag vind in die normerende beleid waardeur die mens hom in sy verhouding en handelinge laat lei en waardeur hy orde plaas op sy daaglikse keuses en besluite, doen en late.

Die kultuuraktiwiteite van bewerking van 'n leefwêreld en die interpretasie van die lewensetos vorm die basis van Rossouw (1993) se uitsprake oor watter tipe kennis nodig is. Die aard van die kultuuraktiwiteite sal dus bepalend wees oor watter tipe kennis nodig is. Voordat die kultuuraktiwiteite deurgetrek word na verpleging is dit nodig om Maxwell (1988) en Rossouw (1993) se perspektiewe oor kennis te bestudeer.

## ERSPEKTIEWE OP KENNIS

Wetenskapsbeoefening is vir Rossouw (1993:94) 'n bepaalde soort kultuuraktiwiteit van die mens. Die doel van wetenskapsbeoefening is die generering van kennis. Daar is verskillende beskouings oor wat kennis en ware kennis is.

Om die vraag oor watter tipe kennis (kennis of wysheid) verpleegkunde nodig het om aan die gesondheidsbehoeftes van die Suid-Afrikaanse samelewing te voorsien word die perspektiewe van Maxwell (1988) en Rossouw (1993) bestudeer.

### Maxwell se filosofie van kennis

Die filosofie van kennis waarna Maxwell (1988) verwys is 'n wetenskapsfilosofie gegrond op die werke van Bacon en Decartes. Hierdie wetenskapsfilosofie het sy grondslag in die natuurwetenskappe en is in die Verligting veralgemeen na die menswetenskappe.Die filosofie van kennis word volgens Maxwell deur die grootste gedeelte van die wetenskaplike gemeenskap aanvaar.

Die basiese doelstelling van die filosofie van kennis is volgens Maxwell (1988: 2) om die menslike welsyn te bevorder deur te probeer om menslike kennis van die verskillende aspekte van die wêreld te verbeter. Dit word gedoen in die hoop dat die kennis gebruik sal word om sosiale probleme op 'n regverdige en menslike wyse te besleg.

Om hierdie doelstelling te bereik is die filosofie van kennis op soek na objektiewe en ware kennis (Maxwell, 1988:10, 14). In die soeke na objektiewe

en ware kennis is daar sprake van 'n doelbewuste losmaking van die doelstellings, waardes en oortuigings wat in die algemene sosiale lewe geld.

As gevolg van die objektiewe aard van die filosofie van kennis staan dit geïsoleerd van alledaagse sosiale probleme. Intellektuele vooruitgang word geskei van sosiale vooruitgang aangesien die kriteria vir ware kennis nie geleë is in die bydrae tot persoonlike kennis, verstaan en waardering van die wêreld nie.

Daar word dus duidelik onderskei tussen die objektiewe werklikheid en subjektiewe gevoelens (Maxwell, 1988:19). Daar is sprake van 'n onpersoonlike, waardevrye en objektiewe wetenskap waar daar 'n duidelike onderskeid is tussen denke en redenasie met gevoel en ideale. Dinge van die hart en verstand staan verwyderd van mekaar.

Die soeke na objektiewe en ware kennis het intrinsieke waarde. By die beoordeling van wetenskaplike resultate tel slegs die gepastheid van die resultate in vergelyking met empiriese getuienis. Die metodologie kan as empirisisme getipeer word.

Suiwer wetenskap mag lei tot die verdere kennis wat toegepas kan word om menslike vooruitgang en welsyn te bevorder. Dan verkry die kennis tegnologiese of praktiese waarde. Die belang van die bydra word egter nie gemeet in terme van ekonomiese, morele, politieke en dergelike faktore nie. Die metodologie van die filosofie van kennis berus op die verifiëring aan die hand van empiriese getuienis asook manipulasie en kontrole.

Wetenskaplike ondersoek is beperk tot kundiges aangesien slegs hierdie kundiges in 'n posisie is om uitsprake aangaande die waarheid van die kennis te lewer.

Maxwell (1988:49) beskryf die ongewenste gevolge van die filosofie van kennis soos volg. Die filosofie van kennis dra nie daartoe by om die gehalte lewe van mense te verhoog nie aangesien die filosofie van kennis nie op dit wat van waarde vir mense is fokus nie.

Die skerp onderskeid tussen die intellektuele domein van ondersoek en die res van die samelewing is volgens Maxwell (1988: 50) die oorsaak dat daar te min aandag gegee word aan die primêre lewensprobleme. Om die rede dien hierdie filosofie veral die belange van die rykes en die magtiges.

Hierdeur word die ongelykheid en onreg in die wêreld nie reggestel nie. Deur hierdie onderskeid tussen die wetenskaplike en alledaagse leefwêreld maak wetenskaplikes die kloof tussen die wetenskap en die alledaagse leefwêreld van die mens wyer.

Hierdeur kan daar 'n wantroue in die wetenskap en rasionaliteit geplaas word, aangesien mense begin glo dat dit die wetenskap is wat die skuld moet dra van dat sosiale probleme nie suksesvol aangespreek word nie.

In die plek van die filosofie van kennis stel Maxwell (1988) die filosofie van wysheid as 'n alternatief voor.

## Maxwell se filosofie van wysheid

Maxwell (1988) is van mening dat kennis geweldig uitgebrei het, maar dat daar 'n stadige toename in sosiale wysheid is. Die filosofie van wysheid verskil radikaal van die filosofie van kennis.

Die filosofie van wysheid het ten doel om prioriteit aan alledaagse lewensprobleme te gee in 'n strewe na die realisering of verwerkliking van dit wat van waardes is vir die mens. In die opsig word akademiese vooruitgang gesien as 'n middel tot 'n doel.

Die doel is om die wêreld gelukkiger en regverdiger te maak. Fundamenteel tot die filosofie van kennis, staan kennis. Daarenteen is die fundamentele aard van die filosofie van wysheid belewing, ervaring betrokkenheid om begrip te vorm van dit wat van waarde is (Maxwell, 1988:66).

Binne die filosofie van wysheid verwys wysheid na daardie begeerte, aktiewe poging en 'n kapasiteit tot probleem-oplossing om dit wat van waarde is, te bevorder en te verwerklik. Hierdie wysheid vereis kennis sowel as begrip vir die onderliggende en interverweefde aard van lewensprobleme en 'n kapasitiet om probleme op te los.

Sonder hierdie bewuswording en begrip is die verwerkliking nie moontlik nie. Om die filosofie van wysheid beter te verstaan, is dit nodig dat daar aandag gegee moet word aan die doel sowel as die metodologie onderliggend tot die filosofie van wysheid.

Die doel van die filosofie van wysheid is om die wêreld gelukkiger en regverdiger te maak. Om hierdie doel te bereik moet prioriteit aan alledaagse lewensprobleme gegee word sodat dit wat vir die mens van waarde is kan realiseer. Maxwell (1988:66) beskou " happiness, health, sanity, beauty, frienship, love, freedom, justice, prosperity, joy, democracy, creative endeavour, cooperation and productive work" as aspekte wat dit wat van waarde is, relekteer.

Verskillende persepsies aangaande prioriteite in alledaagse lewensprobleme kan bestaan. Om hierdie rede plaas Maxwell (1988:68) soveel klem op die artikulasie van probleme.

Om die aard van die probleme duideliker te kan formuleer moet daar diskussies gehou word met alle rolspelers sodat die belange van almal duidelik sal wees. Volgens Maxwell (1988:73) is dit nie nodig om net die voor die handliggende probleme te ondersoek nie.

Alle probleme kan ondersoek word, aangesien die oplossing van een probleem op verrassende en indirekte wyse aanleiding gee tot die oplossing van 'n ander probleem. Die ondersoek moet net op een of ander wyse ten doel hê om dit wat van waarde is te bereik.

Die taak in die filosofie van wysheid is om moontlike oplossings voor te stel en kritiek te toets sodat dit ons instaat sal stel om beter en op meer gepaste wyse sal handel. Mense moet dus wyser gemaak word sodat hulle sal weet om op te tree en te handel om die wêreld gelukkiger en regverdiger te maak.

Toetsbare en nie-toetsbare probleme vorm deel van die wetenskaplike diskoers. Daar bestaan ook geen rede waarom probleme opgebreek kan word nie of opgelos kan word na aanleiding van 'n analogie nie.

Om hierdie wysheid te verkry is doelgerigte rasionele ondersoek nodig. Vir Maxwell (1988:107) beteken dit om jou doelstellings kritiese en kreatief te ondersoek sodat dit aan jou die geleentheid sal gee om beter doelstellings te vind.

Vir doelgerigte rasionalisme is 'n voortdurende openheid nodig. Hierdie openheid kan help om dit wat Maxwell (1988: 111) rasionalistiese neurose noem te kan ontdek.

Rasionalistiese neurose kry gestalte wanneer individue of instansies wanvoorstellings van die doel van 'n projek ontwikkel. Sodanige gestaltes kan maklik ontwikkel en kan tot verwoesting lei.

'n Voorbeeld van so 'n wanvoorstelling vanuit die filosofie van kennis, is dat die doel van wetenskap is om waarheid oor die wêreld te verkry. Binne die filosofie van wysheid het die mens hierdie kennis nodig om die kwaliteit van hulle lewens te verryk. Kennis sowel as begrip is nodig vir wysheid.

Die waarheid volgens Maxwell (1988:100) is dit wat van waarde is om die wêreld beter en gelukkiger te maak.

**Die doel van die filosofie van wysheid is om die wêreld gelukkiger en regverdiger te maak**

Deur die rasionele ondersoek van persoonlike en sosiale lewensprobleme ontwikkel 'n tradisie van probleem-oplossing.

Die idee is dat ons koöperatiewe probleemoplossingskapasiteit sal vergroot soos wat die individuele probleemoplossingsvermoë verbeter. Hierdeur propageer Maxwell (1988: 108) 'n individuele, maar veral 'n koöperatiewe aksie om die strewe na dit wat van waarde is.

Die taak van wetenskaplikes word gesien om betrokke raak by alledaagse lewensprobleme sodat 'n oplossing gevind kan word en die lewenstandaard van mense kan verbeter. Die betrokkenheid en samewerking van alle rolspelers is nodig om die wêreld gelukkiger en regverdiger te maak.

Die probleemoplossings is dus nie net beperk tot sogenaamde kundiges nie, maar elke persoon is betrokke en deel van die wêreld en is om die rede mede-verantwoordelik vir die welsyn van die wêreld.

Maxwell (1988:158) noem drie redes waarom daar met die filosofie van wysheid nie dieselfde omvang van sukses behaal sal word as wat daar deur metodes in die natuurwetenskappe behaal is nie.

Eerstens hang die sukses in die natuurwetenskaplikes af van die insette van slegs kundiges terwyl die insette van alle soorte mense nodig is om die lewe gelukkiger en regverdiger te maak.

Tweedens is die gebruik van eksperimente meer beperk in die sosiale wetenskappe as in die natuurweten-skappe.

Derdens is die identifikasie van sukses in die natuurwetenskappe baie minder problematies as in die sosiale wetenskappe.

Die perspektief van Rossouw (1993) sluit enersyd aan by die van Maxwell, maar verskil ook andersyd van diè van Maxwell.

### Rossouw se kennis is deug (Wysheid)

Die kennisideaal van deug hou verband met die kultuuraktiwiteit van interpretasie waar die instandhouding van die lewensetos ter sprake is. Hierdie kennisideaal het sy oorsprong by Sokrates met sy bekende uitspraak: *Kennis is deug* .

Deug beteken vir Rossouw (1993:98) die omvatterder kuns van verstandige oordeelsvorming en verantwoordelike besluitneming in alle sake waar die sinvolheid van die menslike bestaan op die spel is.

Die vernaamste betekenis van hierdie uitspraak is daar in geleë dat die mens die verstandige ding sal doen deur binne sy menslike beperkinge te bly.

Die tweede betekenis is geleë in verantwoordelike optrede wat die eise van 'n gegewe orde erken en dit so ver as moontlik gehoorsaam. Deug is in die sin die vereiste vir 'n suksesvolle lewensoriëntasie.

Die kennisideaal van kennis as deug staan in diens van die goeie en sinvolle lewe. Dit is die lewe wat die moeite werd is om te lewe omdat dit bestaanvervulling en bestaanvoldoening verskaf.

Die kennisideaal van deug sal net sommige intellektuele vraagstelling en dissiplines bevorder, terwyl dit ander weer sal kortwiek. Kennis is deug fokus veral op die vrae wat gerig is op insig in lewensoriënteerde beginsels. Dit stimuleer veral hermeneutiese dissiplines wat hulle besig hou met die vertolking van singewende idees met die oog daarop om die relatiewe waarde of belang van die aktiwiteite of gebeurtenisse te bepaal.

Die kennisideaal van deug lê die soort kennis wat op die tegniese toepassing en mag fokus aan bande. Kennis is deug soek na "maat" waaraan die mens hom behoort te hou met die oog op 'n geslaagde lewensoriëntasie eerder as 'n beheersende posisie waaruit die mens sy omgewing kan manipuleer (Rossouw, 1993:99).

Solank deug die oorheersende kennisideaal bly is die praktyk van wetenskapbeoefening beperk tot die bevordering van die mens se lewensetos, terwyl die inrigting van 'n leefwêreld agterweë bly.

Francis Bacon het in die sewentiende eeu 'n verandering in die wetenskapideaal te weeg gebring met sy uitspraak: *Kennis is mag.*

### Rossouw se kennis is mag (Kennis)

Hierdie kennisideeal hou verband met die kultuuraktiwiteit van bewerking waar die mens vir hom 'n leefwêreld inrig. Mag is die menslike vermoë om te onderwerp en te manipuleer om jou wil aan gegewe materiaal op te dwing en dit so te beheers (Rossouw, 1993:99).

Om vir hom 'n leefwêreld in te rig beroep die mens hom op die kennis is mag, want wie oor mag beskik kan iets verander om by sy behoeftes aan te pas. Die omvang van menslike mag word in 'n groot mate bepaal deur die tegniese vernuf van die mens. Kennis wat die tegniese vernuf van die mens bevorder sal vanselfsprekend help om die mag van die mens oor sy omgewing te vergroot.

Die kennisideaal van mag het dan juis hierdie kennis wat tegnies toegepas en prakties aangewend word in die vooruitsig.

Die verwerwing van mag is egter nie die primêre dryfveer nie. Wat die kennisstrewe inspireer is eeder die begeerte om tot insig te kom en om die waarheid te ontdek (Rossouw, 1993:100). Deur die verwerwing van kennis kry die besitter van sulke kennis in beginsel die vermoë om deur die tegniese toepassing daarvan veranderinge te bewerkstelling ooreenkomstig sy eie wense en planne. Deur die toepassing van hierdie kennis kan die mens vir hom 'n leefwêreld inrig.

Die kennisideaal van mag is ingebou in die struktuur van die moderne wetenskap (Rossouw, 1993:100). Dit vind neerslag in die wyse waarop wetenskaplike teorievorming plaasvind.

Wie die reëlmatigheid of wette waarvolgens die verskynsel werk ken, kan die effekte van hierdie werking voorspel en bereken. In die natuurwetenskappe is die toepassing van die hierdie tipe kennis verder gevorder as in die geesteswetenskappe.

As die kennisideaal van mag momentum kry lei tot 'n fenomenale uitbreiding van die magsdomein van die mens. Dit het tot die gevolg dat die leefwêreld toenemend verwetenskaplik word.

Die kennisideaal van mag se vernaamste gevolg is die stroomversnelling wat dit in die kultuuraktiwiteite van die samelewing te weeg gebring het.

Nuwe ontwikkelinge volg mekaar so vinnig op dat dit deurlopende aanpassing van die mens verg om tred te hou met die veranderinge. Elke tegniese vernuf en toepassing skep nuwe behoeftes waarvoor daar telkens weer voorsiening

Francis Bacon het in die sewentiende eeu 'n verandering in die wetenskapideaal te weeg gebring met sy uitspraak: *Kennis is mag!*

gemaak moet word (Rossouw,1993:102).

Maxwell (1988) se filosofie van kennis sal aansluiting vind by Rossouw (1993) se kennis is mag. Terwyl die filosofie van wysheid (Maxwell,1988) ooreenkomste toon met kennis is deug (Rossouw,1993).

Ander as Maxwell (1988) sien Rossouw (1993:103) die gelykskakeling van leefwêrelde as 'n tweede gunstige gevolg van die kennisideaal van mag.

Rossouw is van mening dat diè kennisideaal daartoe gelei het dat die lewenspeil van groeiende getalle mense verhoog kon word. Die kennisideaal van mag het dit vir die massas moontlik gemaak om aan die moderne welvaart deel te hê.

Rossouw (1993:104) noem die volgende ongunstige gevolge van die kennisideaal van mag. Die tegnieke van die wetenskap het daartoe gelei dat daar eerstens grootskaalse besoedeling plaasvind.

Die oorbevolking wat voorvloei uit suksesvolle bestryding van siektes het tweedens tot ondervoeding gelei. Derdens het verstedeliking aanleiding gegee tot tipiese maatskaplike probleme.

Die prosesse van outomatisering en meganisering gee vierdens aanleiding tot werkloosheid. Laastens noem Rossouw (1993:105) die vernietigende effek van kernwapens as 'n ongunstige gevolg van die kennisideaal van mag.

Maxwell (1988) lê die ongunsige gevolge van die filosofie van kennis totaal voor die deur van die wetenskap en sien daarom die filosofie van wysheid as alternatief tot die filosofie van kennis. Rossouw (1993:106) is van mening dat die ongunstige gevolge van die kennisideaal van mag gedissiplineer moet word deur die kennisideaal van deug.

Hy is van mening dat die leefwêreld en die lewensetos gelyke venote in die samelewing is en dat albei die kultuuraktiwiteite aandag in die aard wetenskapsbeoefening moet kry.

Sekere aspekte van die mens se kultuuraktiwiteite, naamlik die lewensetos, is nie vatbaar vir berekening en manipulasie nie.

Rossouw is van mening dat groeiende mag toenemende verantwoordelikheid meebring. Die mens moet besluit of dit wat hy kan doen, ook dit is wat hy behoort te doen. Die mens moet bepaal waar die grense lê tussen die moontlikhede van sy mag en die beperkinge van sy onmag.

In die praktyk van wetenskapsbeoefening moet daar naas kennis is mag ook ruimte gelaat word vir kennis is deug. Rossouw (1993:107) stel 'n sinchronisering van die klassieke (kennis is deug) en moderne (kennis is mag) in die praktyk van wetenskapsbeoefening voor. Dit kan bewerkstelling word deur 'n nuwe kennisideaal:

Die ideaal van etiese gereguleerde mag en tegniese doeltreffende deugsaamheid. Die mens moet dus nie net weet om die dinge reg te doen nie, maar ook om die regte dinge te doen (Rossouw,1993:107).

## ENNIS OF WYSHEID VIR VERPLEEGKUNDE?

Wetenskap is die strewe van die menslike intellek om op gedissiplineerde wyse tot die geheel van die samehangende, rasioneel verantwoorbare en universeel geldige insigte omtrent die werklikheid in sy verskillende fasette te kom (Rossouw,1993: 95).

Indien wetenskapsbeoefening in verpleegkunde tot geldige insigte van die geheel van die samehangende fasette van die werklikheid (verpleging) te kom is kennis is mag (kennis) sowel as kennis is deug (wysheid) nodig.

Binne verpleegkunde lyk dit meer aangewese om by Rossouw aansluiting te vind wat impliseer dat kennis is mag met kennis is deug gebalanseer moet word en eerder komplementêr tot mekaar moet wees.

Om tot volledige insigte van die verplegingswerklikheid te kom sal nie moontlik wees indien slegs een van die twee tipes kennis nagetreef word nie. Die uitsprake vanMaxwell (1988) oor die aard van kennis of wysheid sal nuttig gebruik kan word in verpleegkunde.

Die een behoort egter nie as 'n alternatief van die ander gebruik te word nie, maar behoort eerder komplementêr te wees soos wat Rossouw (1988) voorstel.

***Die volgende argumente kan vir die gevolgtrekking aangevoer word.***

- Die doel van verpleging is die fasilitering van gesondheid van die mens. Gesondheid sluit fasette van die leefwêreld sowel as die lewensetos in. Gesondheid het dus enersyds te make met tegniese vernuf en andersyds met dit wat vir mense van waarde is.

Gesondheid het te make met 'n verskeidenheid interweefde faktore. Om tot volledige insigte van gesondheid te kan kom en sodoende aan die gesondheidbehoeftes van die Suid-Afrikaanse samelewing te voorsien is kennis is mag (kennis) sowel as kennis is deug (wysheid) nodig.

Indien slegs een van die twee kennisideale nagestreef word sal die ander agterweë gelaat word. Dit sou lei tot slegs 'n gedeeltelike verstaan van die verskynsel gesondheid en verpleging met waarskynlik uitsprake wat die probleme in die verskynsel slegs gedeeltelik kan aanspreek.

Die mens moet dus nie net weet om die dinge reg te doen nie, maar ook om die regte dinge te doen...

- Die strewe na gesondheid is 'n kollektiewe aksie van kundiges (verpleegkundiges en ander lede van die gesondheidspan) en leke (pasiënte). Hierdie beginsel word omskryf in die Nasionale Gesondheidsplan van Suid-Afrika (ANC,1994a). Kundiges is dus nie die enigste rolspelers in die bereiking van gesondheid van die Suid-Afrikaanse gemeenskap nie.

Pasiënte is mede-rolspelers in gesondheid. Pasiënte het sekere leke- of voor-wetenskaplike interpretasies oor gesondheid wat hulle gesondheidsgedrag beïnvloed.

Die voor-wetenskaplike interpretasies hou verband met dit wat vir die pasiënt van waarde is. Indien diè waardes geïgnoreer word sou die uitsprake oor gesondheid waarskynlik onvolledig, ondoeltreffend en dus ongeldig wees.

- Gesondheid het te make met menslike gedrag. Mense is holistiese wesens wat op 'n geïntetreerde wyse in interaksie met die omgewing is.

Dinge van die verstand en gevoel is deel van gesondheidsgedrag. Om diè rede is kennis is mag en kennis is deug nodig om gesondheid te verstaan.

- Die Suid-Afrikaanse samelewing is 'n multikulturele samelewing met komponente wat ontwikkeld is en komponente wat ontwikkelend is. 'n Groot deel van die Suid-Afrikaanse samelewing word volgens die Heropbou en Ontwikkelingsprogram (ANC, 1994b) geteister deur armoede, werkloosheid, hongersnood, ongeletterdheid en derglike meer.

Om aan die gesondheidbehoeftes van die sogenaamde agtergeblewe gemeenskappe te voldoen is kennis en wysheid nodig. Maxwell (1988: 47) beweer dat die filosofie van kennis veral die ontwikkelde gemeenskappe bevoordeel en nie die probleme van die ontwikkelende gemeenskappe aanspreek nie.

• Die filosofie van kennis gee aan die mens baie mag. Die mens is vandag instaat om mense vir lank kunsmatig aan die lewe te hou. Dit wat die mens kan doen as gevolg van kennis het aanleiding gegee tot etiese vraagstukke soos genadedood.

Die kwessie van genadedood kan nie opgelos word deur slegs die kennisideaal van mag nie. Die kennisideaal van wysheid is ook nodig om sulke komplekse probleme in gesondheid en verpleging te kan aanspreek. Kennis is deug kan voorhoed dat die mens onetiese optree en op 'n krisis afstuur deurdat dit wat die mens kan en behoort te doen te balanseer.

Dit blyk dus dat kennis is mag sowel as kennis is deug nodig sal wees om gesondheid as kollektiewe gedrags-verskynsel aan te spreek.

Die feit dat wysheid en kennis vir verpleegkunde nodig is, het die volgende implikasies vir wetenskapsbeoefening (navorsing) in verpleegkunde:

• Sogenaamde kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing sal komplementêr gebruik moet word om die kennisinhoud van verpleegkunde te bou.

• Aangesien die pasiënte mede-rolspelers in gesondheid is, moet pasiënte bemagtig *(empower)* word om verantwoordelikheid vir hulle eie gesondheid te aanvaar. Om dieselfde rede kan die sogenaamde leke gebruik word in die bevestiging van die geldigheid en betroubaarheid van wetenskaplike uitsprake.

• Die nuwe kennisideaal waar kennis en wysheid mekaar moet balanseer en komplementeer bring die implikasie mee dat daar 'n noue verbintenis tussen teorie en praktyk is met 'n mede-verantwoordelikheid van alle rolspelers oor aspekte van gesondheid- en verplegingspraktyk.

• Die idee is dat die sogenaamde leke- en voorwetenskaplike interpretasies wat die waardes van mense weerspieël onderwerp moet word en deel is van die prosesse van wetenskapsbeoefening.

## *BIBLIOGRAFIE*

**ANC, 1994a:** A national health plan for South Africa. Masero: Bahr Mapping and Printing.

**ANC, 1994b:** Reconstruction and development programme. Johannesburg: Umanyano Publications.

**BURNS,N & GROVE, SK 1993:** The practice of nursing research. Second edition. London: WB Saunders.

**MAXWELL, N 1988:** From knowledge to wisdom.New York: Blackwell.

**ROSSOUW H, 1993:** Universiteit, wetenskap en kutuur. Kaapstad: Tafelberg.